



Geloftevolk Koördineringskomitee

Posbus 17305
Bainsvlei
9338



Telefoon: 082 455 4303
Vonkpos: vrkomitee@gmail.com
Faks: 086 619 2695

Geagte Redakteur/ Volksgenoot

Na aanleiding van Beeld 1 Julie 2015 se artikel waarin prof. Nelus Niemand, hoofmoderator van die NG Kerk 'n pleidooi gelewer het dat: “lesbiese, gay, biseksuele en transseksuele (oriëntasie) genormaliseer sal word (binne die kerk)”, het Beeld 9 Oktober 2015 berig dat vermeldde seksuele orientasies nou openlik hul on-Bybelse gedrag mag uitleef binne en buite die kerk.

Sommige lidmate van die kerk het dit betreur maar het weens demokrasie die onderspit gedelf. Die Ou- en Nuwe Testament is duidelik hieroor, nl. dat dit 'n dwaling is om te glo dat sodomiete die koninkryk van God kan beërwe – **1Kor.6:10** “Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie [1933/53 Vertaling van die Bybel in Afrikaans].

Die feit dat die wil van God soos verwoord in die Bybel, aan die wil van die meerderheid uitgelewer word, is skrikwekkend. **Ex.23:2** *Jy mag die meerderheid nie volg in verkeerde dinge nie. En jy mag in 'n regspraak geen getuienis aflê agter die meerderheid aan om die reg te verdraai nie*”; en bevind ons ons in die dae van die Fariseërs wat d.m.v. die gebooi van mense die Woord van God kragteloos gemaak het.

Die besluit van die NG Kerk lewer die bevolking van hierdie land uit aan die grimmigheid van die Almagtige God van hemel en aarde wat Sodom en Gomorra weens sodomie, verbrand het tot as.

Die Volksvergadering van die Geloftevolk het op 10 en 11 Oktober buite Bloemfontein vergader en die volgende mosie aanvaar: Die vergadering neem met skok kennis van die onlangse besluit binne kerklike geledere m.b.t. die goedkeuring van sodomitiese verhoudings. Die vergadering wys daarop dat volgens Rom.1:26-32 hierdie gruwels ontoelaatbaar is en volgens 1Kor.6:10 diesulkes nooit die koninkryk van die hemele kan binnegaan nie. [Lees ook Lev.18:22, 20:13; en Deut.23:17-18.]

Die vergadering doen 'n beroep op volksgenote om hul te distansieer van diesulkes.

Flip Swanepoel [Nms. Geloftevolk Koördineringskomitee]